NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

# Jeug VANDAG

GIRLS & BOYS TOWN
Healing Heartbroken Children

DESEMBER 2025 'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN SA



## Kaapstad se Onderburgemeester
# Eddie Andrews
## aan die woord by ons Jaarlikse Donateurs-en-Vennootskapfunksie

Macassar-kampus, 11 November 2025

**Oproep om leierskap, goeie bestuur en aanspreeklikheid ...**

Ons was verheug om Kaapstad se Onderburgemeester, Eddie Andrews, gedurende November op ons Macassar-kampus te verwelkom as hoofspreker by ons jaarlikse funksie vir ons donateurs en vennote.

Andrews het sy toespraak geopen deur Karen Farred geluk te wens met haar aanstelling as nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Girls & Boys Town SA.

"Ek wens u alle sukses toe terwyl u die voortou neem om hierdie merkwaardige organisasie na 'n volgende hoofstuk te lei. U leierskap begin in 'n tyd dat goeie bestuur van groter belang is as ooit tevore – want wanneer ons van goeie bestuur praat, gaan dit eintlik oor drie dinge: deernis, aanspreeklikheid, en diens."

Op dié aktuele noot het Andrews verder uitgebrei:

"In tye wanneer armoede, geweld en maatskaplike onbestendigheid dikwels na die enigste vooruitsig lyk, kies ware leiers om met hul gewete te lei. Leierskap vereis moed, deursigtigheid en standvastigheid."

Andrews het hierdie tema verbind met die welslae wat Girls & Boys Town SA met die jongmense in ons sorg behaal het:

"Girls & Boys Town SA is elke dag 'n toonbeeld van hierdie werklikheid. Julle wys deurgaans hoe ontferming lyk wanneer dit gestruktureerd plaasvind, wanneer liefde gerugsteun word met deursigtige stelsels, professionele mense met die regte vaardighede en meetbare resultate.



"Jul rekord spreek vanself: twee en negentig persent van die jeugdiges wat jul sorg verlaat, weerhou hulle van dwelms en alkohol en honderd persent bly misdaadvry. En dít is nie geluk nie, dit is verantwoordbaarheid in aksie."

Ons hartlike dank aan Onderburgemeester Andrews vir sy positiewe bydrae, asook al ons donateurs wat die geleentheid bygewoon het.

Hierdie nuusbrief en ander sleutelaktiwiteite by Girls & Boys Town Suid-Afrika word moontlik gemaak deur die steun van die Nasionale Loterykommissie (NLK). Die NLK se befondsing dra wesenlik daartoe by dat ons kwesbare kinders en gesinne in Suid-Afrika kan bereik en help genees. Ons is trots daarop dat ons 'n ontvanger van NLK-befondsing gedurende die 2025/2026-tydperk is. Besoek die ***Nasionale Loterykommissie*** om meer oor hul steuning aan soortgelyke projekte uit te vind.

### Ons Visie
Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

### Ons Missie
Ons missie is om hartgebroke jongmense te heel, hoop te herstel en 'n veilige omgewing vir die jongmense in ons sorg te gee waar hul kan uitblink en genees.

### Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town SA
'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town SA, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town SA sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Volg ons

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# Die moed om te besin oor 'n etiese toekoms

Ter viering van Wêreld-etiekdag op 15 Oktober vanjaar met die tema "'n Nuwe visie op etiek", het Girls & Boys Town SA (GBTSA) trots aangesluit by hierdie wêreldwye gesprek oor verandering.

Wêreld-etiekdag, wat jaarliks deur die "Carnegie Council for Ethics in International Affairs" aangebied word, nooi instansies en individue uit om opnuut te kyk na die rol van etiek in die vorming van 'n deernisvolle en toerekeningsvatbare wêreld.

**Openbare vertroue**

Dié viering is vir GBTSA 'n terugblik, sowel as 'n verbintenis om steeds voort te bou op die publiek se vertroue, aanspreeklikheid te versterk en te verseker dat die waardes waarvolgens ons met kwesbare jongmense omgaan, deursigtig en diep menslik is.

Girls & Boys Town SA is al meer as ses dekades lank 'n toevlug vir jongmense wat erge lyding verduur. As deel van ons verbintenis tot etiek kyk GBTSA na binne én na buite om 'n omgewing te kweek waar waardigheid, respek en morele verantwoordelikheid die riglyne vorm vir hoe ons omsien na elke jong lewe wat aan ons toevertrou word, terwyl ons hulle met hul families probeer herenig.


**Morele grondslag**

Terwyl ons, saam met die wêreld, opnuut na etiek kyk, herbou ons nie net die vertroue met elkeen wat ten nouste saak maak nie, maar hervorm ons ook die morele grondslae wat ons lei in hoe ons ons jongmense, ons personeel en ons gemeenskappe in die breë versorg en ophef.

GBTSA skaar hom by instansies wêreldwyd wat nadink oor die waardes wat die mensdom in stand hou, dit herbedink en opnuut bevestig. Die kern van etiese praktyk is immers om net aan te hou doen wat reg is, selfs as niemand kyk nie.



Karen Farred
Hoof Uitvoerende Beampte



# Wat is VERKEERD? Wat is REG?



## Ons eie blywende morele kompas …

*As deel van die oogmerke van Wêreld-etiekdag vroeër vanjaar, en ons volgehoue agenda om bestuur te versterk, het ons 'n Etiek-integriteitsprogram geloods ten einde 'n sentrale en volgehoue morele kompas vir Girls & Boys Town SA te bou …*

Gedurende Julie het personeel by al ons kampusse landwyd tyd belê in die nodige introspeksie, besprekings en koersbepaling om die veerkragtigste etiese fondasie vir ons toekoms te bou.

Die fokus daarvan was natuurlik ons hoofbegunstigdes – ons jongmense en die dikwels brose gemeenskappe waarin hulle grootgeword het.

Om altyddeur ons organisasie se etiese leierskap, konsekwente besluitneming en emosionele rekenpligtigheid oor alle personeelvlakke uit te bou, is noodsaaklik. Ons is dit ook verskuldig aan ons vernaamste belanghebbendes: GBTSA se donateurs.

### NUUT! Skenk hoop met elke koop

Elke keer as jy jou "MySchool"-kaart swiep, gee jy iets kosbaars aan 'n kind by Girls & Boys Town South Africa: vertroosting, sorg en hoop.

Help om fondse vir ons in te samel deur "Woolworths MyDifference".

**Sluit aan op die Woolies-*app*:**

1. Laai die "Woolies-***app***" af.
2. Sluit aan by "MyDifference".
3. Gaan na die "Loyalty"-portaal en klik op "Causes".
4. Kies "Choose My Own".
5. Soek "Girls & Boys Town South Africa – Head Office".
6. Moenie dié kans misloop nie – kies ons voor die keusetyd verstryk !
7. Dankie vir jou ondersteuning.

***SLUIT NOU AAN***

### Meer oor ons erflatingsprogram

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons die Bequest Booklet op ons webblad geplaas. Dit is 'n eenvoudige, maklik leesbare gids vir enigeen wat 'n erflating aan Girls & Boys Town SA oorweeg.

Deur 'n erflating te maak of 'n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, help u om te verseker dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en hul te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.®).

Lees gerus die brosjure of laai dit af by:

https://girlsandboystown.org.za/wp-content/uploads/2018/11/Legacy-Bequest-Trifold-Brochure.pdf


Vir meer inligting, nader asseblief Gertrude Wilson telefonies 011 482 2655 of per e-pos mailing@gbtown.org.za






# Hernieude kontak bring finale genesing

Tesame met die gevoel van verwerping ervaar baie van die dogters en seuns in ons sorg 'n ewe intense verlange na 'n familieverbintenis. Om hereniging vir ons jongmense te bewerkstellig is 'n besonderse mikpunt op hul pad na herstel. Hier is net drie van talle verhale oor hoe familiebande weer opgetel word…




## Dintle

Hierdie jong dogter het groot verlies ervaar toe haar ma in 2019 oorlede is. As enigste, buite-egtelike kind, en geen idee oor waar haar pa was nie, het sy geen onmiddellike familiesteun gehad nie. Ná aanvanklike verblyf by 'n onverwante versorger moes sy talle probleme met uitplasing trotseer – totdat sy in September 2022 na Girls & Boys Town SA gekom het vir sorg en stabiliteit. Ons gevalbestuurder het moeite gedoen om Dintle se uitgebreide familie na te speur en uiteindelik 'n tante aan moederskant in die landelike Noordwes-provinsie gevind. Danksy weeklikse oproepe en vakansiebesoeke, ondersteun deur die tante se deelname aan ons "Common Sense Parenting"-program, kon die twee 'n verhouding opbou.

Dintle moes 'n emosionele reis onderneem. Eers was sy kwaad, angstig en onseker oor haar toekoms. Sy het verworpe gevoel en wou graag deel van 'n familie wees. Mettertyd het sy meer selfvertroue gekry en besef dat haar tante haar aanvaar en waardeer. Tydens die hereniging was sy angstig maar ook opgewonde, en namate sy haar tuisgemaak het in 'n koesterende gesinsomgewing, het haar gevoel van dankbaarheid, liefde en verligting gegroei.

Haar tante was bly en toegewyd, en het beklemtoon dat jou identiteit, emosionele sekuriteit en die gevoel dat jy iewers behoort, versterk word wanneer jy omring is deur bloedfamilie – iets wat Dintle met 'n hernieude bewustheid van liefde, standvastigheid en hoop vir die toekoms vervul het.

## Everett

Everett het op 10 Februarie 2023 by Girls & Boys Town SA aangekom as 'n lewendige, energieke seun wie se skaterlag dikwels diep pyn verberg het. Sy vrolikheid en minagting vir reëls was net 'n masker nadat hy die tragiese dood van sy pa moes aanskou. Dié man was ook sy beste vriend en grootste bron van liefde. Sy ma se volgehou dwelmmisbruik en die onstabiliteit daarna het net sy gevoel van verlies en verwarring verdiep.

Eers het Everett gesukkel om ander te vertrou en het hy hom swak gedra onder die invloed van verkeerde maats en die hartseer wat hy moes verduur. Tog kon sy maatskaplike werker, danksy volgehoue betrokkenheid, deur sy beskermende mure begin breek. Met behulp van die boekie "Someone Close to Me Died" het Everett stadig maar seker die moed gevind om oor sy pa en sy emosies te praat. Namate hy aansluiting by die verhale gevind het, het hy sy emosies begin begryp en besef hy is nie alleen nie.

Stadig maar seker is betekenisvolle verhoudings opgebou met sy versorgers en familie, onder meer sy ouma en oom. Everett se reis herinner ons hoe belangrik dit is om elke kind se pyn met begrip en gerusstelling te benader – om hulle te laat voel hulle word gesien, liefgehê en gewaardeer reg van die oomblik dat hulle in ons sorg beland.

## Nala

Nala se reis is een van moed, heling en hoop. Sy is by Girls & Boys Town SA ingeneem nadat sy etlike jare in alternatiewe sorg moes deurbring as gevolg van vroeë verwaarlosing. Sy was maar vier jaar oud toe haar ma tronk toe moes gaan. Sonder ouerlike sorg is sy toe van een kinder- en jeugsorgsentrum na die volgende gestuur. Jare lank het Nala verlang na haar ma, met wie sy ná die vonnis kontak verloor het.

Toe Nala by ons aankom, was sy diep seergemaak en het sy dikwels woede en aggressie getoon – emosies wat gespruit het uit haar pynlike ervarings van verwerping. Danksy volgehoue terapiesessies het Nala gaandeweg geleer om haar gevoelens te begryp en die moed gevind om te sê dat sy graag met haar ma herenig wou word.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Binnelandse Sake het gehelp om haar ma in die noorde van KZN op te spoor. Nadat ons bevestig het dat sy 'n bestendige lewe lei, is 'n gelukkige Nala in Desember 2024 tydens 'n tuisbesoek met haar ma herenig.

Hul verhouding groei steeds, danksy die ondersteuning van gesinsprogramme en ouerlike werksessies. Nala se verhaal getuig van veerkragtigheid, vergifnis en die helende krag van liefde en herstelde familiebande.


# VAKANSIEPROGRAM: OKTOBER 2025

## GBTSA National Hug Day® 2025

Die doel met GBTSA se "Hug of Hope"-veldtog op Nasionale Drukkiedag was om bewustheid te kweek vir ons helende werk met kwesbare jongmense. Die effek van 'n drukkie is gebruik om meelewing te skep en die publiek aan te moedig om ons te ondersteun deur "Hug of Hope"-plakkers te koop. Ons jongmense het al die bedrywighede geniet terwyl hulle ook met hul kennis en talente kon spog …









## Sportdag in KZN

Dogters en seuns van al ons woonhuise in KZN het op een van ons kampusse byeengekom om speel-speel te leer, hul talente te ontdek en aan spanwerk gewoond te raak. Gedurende die dag het die jongmense met groot toewyding aan verskeie aktiwiteite soos atletiek, toutrek en vlugbal deelgeneem. Na al die pret het ons die dogters en seuns gevra om hul indrukke van die dag te deel …

"Ek wil graag dankie sê vir die sportdag. Kan ons dalk met die volgende sportdag waterbottels vir elkeen hê, en kan ons ook sokker speel?"

"Baie dankie aan almal wat by die sportdag was. Dankie ook aan die mense wat artikels aan ons geskenk het."

"Party mense is nie goed met hardloop nie, so kan ons volgende keer liewer sokker speel? En kan julle asseblief die eierresies vervang met 'n lekker speletjie?"

"Groot pret! Wat is die kanse dat ons ouers ook hier kan wees met die volgende sportdag, en kan ons nog mense soos ander tehuise en dorpe uitnooi?"



## Deur die grotte

'n Groep van ons jongmense by Girls & Boys Town SA, wat spesiaal uitgesoek is ter erkenning van hul stiptelikheid, toewyding en getroue deelname aan ons onlangse vakansieprogram, is op 'n onvergeetlike opvoedkundige ekskursie na die wêreldberoemde Sterkfontein-grotte bederf.

Die inspirerende uitstappie het ons jongmense die geleentheid gegee om een van Suid-Afrika se merkwaardigste erfenisterreine te verken. Fassinerende ondergrondse kamers, asook insiggewende lesse oor die oorsprong van die mens, het ons dogters en seuns verryk met blywende herinneringe en 'n hernieude nuuskierigheid oor die wêreld rondom hulle. Dit het almal weer herinner dat nuwe kennis verder as die klaskamer strek; dat dit ook ontdekking, spanwerk en 'n waardering vir die wêreld wat ons deel, behels.

Sterkfontein-grotte het die uitstappie ruimhartig sonder betaling vir ons aangebied, wat die dag nog meer betekenis gegee het. Ons is die personeel innig dankbaar vir hul gasvryheid en opvoedkundige steun.





*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town SA-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*